Nuusbrief 5/2018 14 Februarie 2018

Geagte Ouers,

Inleiding

Ons hoop dat een en elkeen 'n wonderlike week beleef het. As ons kyk na ons leerlinge se prestasies op verskillende terreine, besef ons net weereens dat ons elke dag geseën word deur ons Hemelse Vader. Geluk aan Me Jané Boshoff wat verloof geraak het. Ons wens julle alles wat mooi is vir die toekoms toe.

Belangrike Datums

Maandag 19 Februarie - Graad 8 Oueraand om 18:00 in die skoolsaal. Die doel van die vergadering is om u kind se aanpassing in die skool te bespreek.
Dinsdag 20 Februarie - Ouerbeplanning vergadering vir Sportdag om 18:00 in die skoolsaal.

Beheerliggaam Verkiesing – 2 Maart 2018

Graag rig ons 'n ernstige versoek aan ons ouers om hierdie verkiesing te ondersteun. Meer as ooit van te vore is dit belangrik dat ouers aan die verkiesing deelneem om die regte persone by die Beheerliggaam betrokke te kry. Die aanslae van buite word meer en meer. As ons die media volg en sien wat by ander skole gebeur, besef ons die belangrikheid van 2018 se verkiesing.

Verloop:

1. Nominasievorms sal beskikbaar wees in die kantoor vanaf 23 Februarie en kan ingehandig word tot 1 Maart om 07:00. Ouers kan dan ook by die nominasievergadering meer mense nomineer.
2. Die nominasievergadering sal plaas vind op Vrydag 2 Maart om 07:00. Mnr Marius Kriel van Laerskool Fichardtpark is aangestel as verkiesingsbeampte.
3. Die verkiesing sal begin op Vrydag 2 Maart vanaf 07:15 – 17:30. Ouers wat kom stem, kan hulle kinders uit teken teen 10:00. Ons maak staat op elke ouer se ondersteuning met hierdie verkiesing.

Mnr en Mej Fichardtpark

Mnr en Mej Fichardtpark word Donderdagaand 15 Februarie gekies. Dankie aan die organiseerders wat sorg dat dit 'n spogaand sal wees. Baie sterkte aan al die deelnemers!

Sportdrag

By Hoërskool Fichardtpark is ons baie trots op ons kleredrag. Dit sluit ons sportdrag in. In opdrag van die Onderwysdepartement, moet daar 'n praktiese komponent by die vak LO plaasvind. Op die dae van die prakties sal leerlinge toegelaat word om die skoolsweetpak en ligblou sporthempie te dra. Leerlinge wat nie oor hierdie drag beskik nie, moet skoolklere dra.

Atletiek

Baie sterkte aan die leerlinge wat aan die Motheo / Xhariep byeenkoms gaan deelneem op Saterdag 17 Februarie. Ons weet ons afrigters en atlete het hard gewerk en dat die atlete sukses sal ervaar. Met die Top 20 byeenkoms het ons uitsonderlik presteer. Die uitslae is as volg:

4de Plekke:

Ladene Liebenberg	D15	90H	14,47s
Sanè Groenewald	D15	300H	48,49s

Elaine Pretorius		D15	SG	28,67m
Gerhard Alberts		S15	DG	48,09m

3de Plekke:

Marnie Dreyer		D15	VS	4,62m
Elri Groenewald		D17	100H	16,18s
Arnè Van Der Merwe	D17	SG	38,74m	
Marcus Gordon		S15	200m	24,42s
Jannes De Jager		S19	100m	11,18s

2de Plekke:

Sanè Groenewald		D15	90H	14,29s
Su-Mari Gouws		D17	DG	36,01m
Jandrè Van Der Merwe		S15	400m	55,97s

1ste Plekke:

Su-Mari Gouws		D17	GS	13,36m
Arnè Van Der Merwe	D17	HS	1,60m	

<u>Krieket</u>

Baie sterkte met al die krieket wedstryde van die week.

<u>Rugby en Netbal</u>

Ons eerste rugby- en netbalspanne het oefenwedstryde teen Hoërskool Diamantveld gespeel. Ons sien baie uit na 'n suksesvolle wintersport seisoen. Die

rugby het 12-12 gelykop gespeel teen Diamantveld.

Toetsrooster

Die toetsrooster vir die eerste kwartaal is as volg geskeduleer:

Datum	**Graad 8**	**Graad 9**	**Graad 10**	**Graad 11**	**Graad 12**
15 Febr	ENG	EBW	ENG	LEW IT	ENG
21 Febr	AFR	WISK	RTT	ENGELS	WISK TEG. WET. WIG
26 Febr	WISK	ENGELS	REK VBS DRAMA	RTT	RTT
7 Maart	GEO	AFR	WISK WIG	WISK WIG	FW BES
9 Maart	NW	GEO	AFR	REK VBS DRAMA	LW IT
13 Maart	EBW	NW	FW BES	AFR	REK VBS DRAMA GESK

Let Wel: Die toetse sal in die eerste uur van die skooldag, op bogenoemde dae, afgelê word waarna die gewone akademiese program gevolg sal word. Al die vakke is nie in hierdie toetsrooster ingesluit nie en datums hiervoor sal deur die vakpersoneel met leerlinge gereël word.

Vriendelike groete,

H. van der Merwe

Skoolhoof